

Die herstelde Wuppertal. Op die eerste inlasfoto is Maria Wynand (86) saam met die projekbestuurder Chris Bornman. Op die tweede een is Rochelle Ockhuis en haar seun, Clayton. | FOTO'S: BUN BOOYENS EN JULIAN JANSEN

# Soos ’n feniks uit vlamme

Die sendingdorpie Wuppertal, doer diep in die Cederberge, is ná ’n verwoestende brand op Oujaarsdag 2018 stadigaan aan die verrys, skryf **Julian Jansen**.

Altesaam 53 huise op die terrasse langs die Tra Tra-rivier en geboue in die sakedeel is destyds in puin gelê toe ’n brand in ’n bloekombos naby die dorsvloer ontstaan en sterk winde dit deur die nedersetting aangejaag het.

Sedertdien is meer as 200 ontheemde inwoners in tydelike huisies op die sportveld gehuisves.

So twee weke gelede het die rivier sy walle oorstroom en het die water dwarsdeur die opslaanhuisies gestroom. Meer as die helfte was gelukkig, aangesien die bewoners al terug was in hul gerestoureerde huise.

Die groentelanderye op die oewer is weggespoel, maar iemand het heel positief opgemerk: “Die groente sal weer opstaan.”

Nou, in die winter van 2023, meer as vier en ’n half jaar later, is 33 huisies tot hul volle glorie herstel.

Die restourasie is deur die Rupert-familie se Historiese Huise-stigting gedoen.

Ses kleiner donateurs en die Morawiese Kerk het ook ongeveer R70 000 per huis tot die restourasie bygedra.

Verlede Maandag het nog vyf aangedane eienaars opgewonde hul kalkwit huise met rietdakke betree.

Bettie Snygans (83) en Maria Wynand (86) was eerste aan die beurt.

Vir Wynand was dit ’n “eer en trotse oomblik” toe die projekbestuurder Chris Bornman haar sleutel oorhandig.

“Die koue en nattigheid in die tydelike huisies was maar net te veel vir my ou bene,” het sy dankbaar opgemerk en ’n lastige traan weggevee.

Petrus Valentyn (64) was ewe emosioneel. Sy 61-jarige suster en oudonderwyseres, Jacky Valentyn, het gesterf dae nadat sy uit die brandende huis gered is.

“Ek dra hierdie dag op aan my suster. Woorde kan nie ons blydskap oor die genade van ons grote Heer beskryf,” het hy gesê.

Sy seun Parnell (28) het vertel hoe hy daardie noodlottige dag desperaat op die brandende rietdak geklouter het om sy tante te probeer bereik.



In die skoenfabriek: John Gertse, Gerhard Farao, Beulah Engelbrecht, Shelley-Ann Zimri, Christopher Alexander, Mervin Valentyn, Egan Zass en Colin Zimri.



’n Ry netjies gerestoureerde rietdakhuise.

Die egpaar Thomas (57) en Bonita (54) Wynand was netso aangedaan.

Sy hart is oorweldig om ná vier en ’n half jaar weer terug in hul huise te kan wees, het hy gesê en sy vrou lank omhels.

“Ons bou vorentoe!” het hy opgemerk.

Vir die 51-jarige Rochelle Ockhuis was daar gemengde gevoelens. Haar huis het in Augustus 2018 in ’n onverwante brand skade opgedoen. Toe, op Oujaar, is die huis met al die boumateriaal deur die brand in puin gelê.

Eenkant het Natalie van Schalkwyk en Ian Rabie van Boland Bouers gesels.

“Hierdie huis het nie sag gekook nie,” het Rabie opgemerk, verwysend na die hamerboor wat sy bouspan moes ingespan het.

Van Schalkwyk was die enigste vrou onder die manne wat klippe vir die bouwerk in die omringende berge versamel het.

“Die klipwerk was moeilik, maar *nice* en ek is nou ’n *all-rounder*,” het sy geskerts.

**Kerk en sakelui span saam**

Einde Augustus en in fase 2 sal nog vyf sleutels oorhandig word, sê Pieter van der Poel namens die Rupert-familie se Historiese Huise-stigting.

Die stigting is ook ten nouste betrokke om ondernemings met werkgeleenthede vir inwoners te vestig soos die skoenfabriek, restaurante en gasteverblyf.

Wuppertal is ’n geproklameerde historiese gebied en moet ingevolge historiese riglyne bewaar word.

Van der Poel sê die res van die huise val onder Erfenis Wes-Kaap (EWK) se jurisdiksie en kan die stigting tans niks aan doen of betrokke raak nie. Daardie huise het die inwoners self begin herstel en in die proses, wat die dakke en gewels betref, ernstig van goedgekeurde bouplanne afgewyk. Daardie afwykings moet eers deur inwoners tot bevrediging van EWK reggestel en afgeteken word, alvorens die Rupert-familie of ander donateurs kan bydra tot finalisering van die betrokke huise.

So, die stigting kan nie verder betrokke wees voor EWK nie tevrede is dat die afwyking van bouplanne reggestel en afgeteken is nie.

Sou die afwykings reggestel word, sal die stigting afhangende van beskikbare geld help met dakke, gewels en wit buitemure.

Die Kaapse Instituut vir Argitektuur se erfeniskomitee, met John Wilson-Harris aan die stuur, het ingespring en pro bono-werk gedoen om die 53 huisplanne op te stel, die nodige erfenis-evaluering af te handel en goedkeuring te bekom.

The School of Explorative Architecture/ Die Skool vir Verkennende Argitektuur (SEA) het met die aanvanklike opmetings gehelp.

Gabriël Fagan Argitekte het regdeur die konstruksiefase die argitektoniese en erfeniswerk behartig.

In die historiese skoenwinkel is jongmense soos Shelly-Ann Zimri en Beaulah Engelbrecht reeds opgelei om bestuur van ’n onderneming soos die skoenfabriek en ander sakeondernemings te kan behartig.

Lizwi Mtumtum, die visepresident (finansies en eiendom) van die Morawiese Kerk in Suid-Afrika, sê die kerk het met die hulp van die Rupert-stigting die skoenfabriek heropen. Opwindende planne bestaan ook om die gastehuise (lodges) oop te maak om sodoende werksgeleenthede aan die inwoners, veral die jongmense, te bied.

“Ideaal gesproke behoort hierdie ondernemings oor tyd selfonderhoudend te wees en die afhanklikheid van die inwoners van die kerk of maatskaplike dienste te verlig,” aldus Mtumtum.

Hy sê toe die kinderhostels herbou is, is dit juis so gedoen dat dit in losies omskep kon word om meer inkomste vir die kerk te genereer.

Grond is ook gratis aan die Wes-Kaapse onderwysdepartement beskikbaar gestel vir ’n nuwe koshuis. Die kinders word tans in ’n tydelike koshuis, wat deur die onderwysdepartement opgerig is, gehuisves.

Die kerk het ’n deel van sy versekeringseise bygedra vir infrastruktuur (water, riool en elektrisiteit) en in die werklike restourasie van sommige van die huise, soos deure en dakkappe. Die kerk het ook plaaslik en internasionaal geld ingesamel om te help met die herbou van 53 huise, wat na die herstelprojekbegroting oorgeplaas is soos en wanneer die huise gerestoureer is.

Vervoer en arbeid is ook verskaf om die matte, stoele en kaste wat deur Old Mutual vir die 53 tydelike huise geskenk is, na Wuppertal te karwei.